PUBLIEKE TEOLOGIE BINNE 'N PUBLIEKE GEMEENTE

Inleidend

Die feit dat ons van "*publieke*" teologie praat, impliseer dat ons nie kan aanvaar dat alle teologie (of geloofsbelewenis) vanselfsprekend publiek is nie. Die teenpool van 'n publieke teologie sal dus 'n "private" teologie wees. In 'n **moderne** samelewing is dit algemeen aanvaarbaar dat godsdiens, en dus geloofsbelewenis en –uitsprake, op die "kantlyn" geplaas word (en dus 'n private kwessie is). Ook in Suid-Afrika word ons, as "kinders van ons tyd", al hoe meer gekondisioneer om geloof as 'n private aangeleentheid te sien, en nie as 'n saak met publieke relevansie nie. Die "private godsdiens" – wat min eise aan die samelewing stel - is dan ook dikwels die gewilde en populêre uitdrukking van ons geloof.

Maar 'n private godsdiens bedreig die evangelie. Geprivatiseerde godsdiens se fokus is die behoud van die eie; die fokus op wat goed is vir die (geprivatiseerde) groep; 'n al groter-wordende skeiding tussen "ons" en "hulle". 'n Private spiritualiteit loop uit op 'n al groter groeiende "innerlike emigrasie" (ontvlugting/"escapism"), met die uitspreek van 'n behoefte aan persoonlike geestelike groei en 'n belewenis van 'n warm, veilige geloofsgemeenskap. Dit staan teenoor 'n evangelie wat op die wêreld gerig, gemeenskap soek en liefde aan die ander betoon.

Die waardevolste **definisie** vir Publieke Teologie is sekerlik Harold E. Breitenberg s'n:

> Public Theology is a discourse that intends to be intelligible and convincing to adherents within its own religious tradition **while at the same time** being comprehensible and possibly persuasive to those outside it. Second, public theology addresses issues that bear upon a religious community **but also pertain to the larger society**, including those who identify themselves with other faith traditions or with none. Third, to achieve such ends, public theology relies on sources of insight, language, methods of argumentations, and warrants that are in theory open to all (Breitenberg, 2003:65).

Publieke teologie se bydrae

Die grootste bydrae wat 'n publieke teologie kan maak – as 'n konfronteerder teenoor private teologie – is die skep van **verdraagsaamheid** teenoor ander opinies, en **betrokkenheid** by samelewingsaangeleenthede. Die fokus van 'n publieke teologie is die **herstel** van 'n gefragmenteerde samelewing. Wanneer 'n gemeente erken dat al die "partye" in 'n gemeenskap rolspelers is in die "heelmaak" van 'n gemeenskap, dan is dialoog die enigste manier hoe mense se stemme gehoor kan word.

Hoe lyk 'n publieke teologie

Daar bestaan geen enkele publieke teologie nie! Afhangende van wat 'n mens se definisie van "publiek" is, bepaal dit die agenda van jou teologie.

Daar is wel drie noodsaaklike kriteria wat kan meet of 'n gemeente 'n publieke teologie gebruik:

a) **Toeganklikheid** van die "ander" by die "ons" ("*accessable style of communication"*)
b) **Dialoog** – veral met mense met wie die kerk in die algemeen nie mee gesels word nie. (Gesprekvoering is sekerlik die belangrikste aspek van publieke teologie) ("*open form of argumentation"*)
c) Die aanspreek van **hedendaagse probleme** ("*contemporary issues*"): die gemeenskap bepaal die agenda van die kerk, nie anders om nie.

Hoe lyk 'n publieke teoloog as leraar in 'n gemeente? (Gedragsankers)

a) Kennis en begrip van die verskillende (hedendaagse) "issues" in die gemeenskap
b) 'n Verstaan van "koninkrykstaal" wat nie gebasseer is op 'n geprivatiseerde teologie nie.
c) 'n Uitnodigende houding van aanvaarding van "die ander" as 'n gelyke en gewaardeerde rolspeler in die gemeenskap;
d) Die vermoë om te luister, te interpreteer en weer te gee;
e) Deelname aan publieke aktiwiteite wat lei tot blootstelling en gesprek, en nie bloot tot "ek bedien jou"-gedrag nie.